

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.6 Vol 195 p 10120-10155

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-03-19

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21
ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST
ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 195

(Bladsye 10 120 - 10 155)

HOF HERVAT OP 19 MAART 1987.

MORAKE PETRUS MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, ek wil net daardie begrafnis van 23 September 1984, ons was by hom gewees en ek wil nou net voortgaan daarmee. Die persoon wat daarso begrawe was, Joseph Sithole, jy het vir die Hof vertel hier dat hy met 'n mes gesteek was. Sal jy met my saamstem hy was gesteek gedurende die tye van die onluste as 'n wraak vir wat hy en ander lede van COSAS gedoen het? -- Nee, dit is nie so nie. Ek het nooit gesê dat (10) hy met 'n mes gesteek was nie. Ek het ook nooit gesê dat dit 'n wraak was as gevolg van sy optrede in COSAS nie.

Ek stel dit aan jou hy was met 'n mes gesteek? -- Ek weet nie.

Julle het die man begrawe. Julle sou tog seker daar gepraat het waar en hoe hy doodgegaan het. Is dit nie? -- Dit was gesê gewees dat die persoon aangeval was terwyl hy by die winkel was.

En is dit gesê hoe dat hy doodgemaak is toe hy aangeval is en waarmee hy aangeval is? -- Al wat gesê was, was dat (20) hy aangerand was terwyl hy koeldrank gaan koop het.

Het hulle nie gesê hoe dat hy doodgemaak is, of hy met kieries doodgeslaan is of met klippe gegooi is of hoe nie? -- Dit het ek nie gehoor dat dit spesifiek genoem word nie. Al waarvan ek bewus is dat die persoon aangeval was as gevolg waarvan hy oorlede is.

En deur wie is hy aangeval? -- Deur mense daar in die omgewing. Daar was nie 'n spesifieke persoon genoem of 'n beskrywing gegee van persone wat hom aangeval het nie.

Wat se mense van die omgewing? -- Ek het aanvaar dat (30)

dit/...

dit moontlik tsotsi's was wat hom aangeval het.

Swartmense? -- Ja.

En ek stel dit aan jou dat hy is dood deurdat hy gestek was met 'n mes en dat hy doodgemaak is uit wraak vir sy aandeel as lid van COSAS in die Vaal? -- Ek weet nie daarvan nie.

Kan jy 'n begrafnis onthou wat daarna gehou was na hierdie een van die 23ste waar daar 'n bus vol mense gekom het vanaf Wits Universiteit? -- Nee, ek dra geen kennis daarvan nie.

En waar mev. Sisulu ook 'n spreker was op die begraf- (10) nis? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Weet jy enigiets van die dood van Benjamin Khumalo? -- Nee, ek kan nie onthou van so 'n persoon nie. Waar is die persoon oorlede?

Daar in die Vaal Driehoek in die woonbuurtes? -- Ek dra geen kennis van hierdie persoon se dood nie. Daar is wel baie mense oorlede in die omgewing van die Vaal, alhoewel ek net twee begrafnisse bygewoon het. Dus sal ek nie kan sê of daar so 'n persoon was nie.

Kan jy dit betwis dat hierdie persoon was die sekre- (20) taris van COSAS gewees en die begrafnisreëlings was ook weer met UDF gereël ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, with the greatest respect, the witness says that he does not know anything about it. It is not a matter which is dealt with in the indictment and there is no evidence from the State. Putting narrative where the witness has denied any knowledge of any of the facts, is not going to assist Your Lordship in any way. I did not object to the previous three questions, because they would be justified on the basis well, you may have been there, let me (30)

remind/...

remind you of some of the detail, but once the accused says that he does not know anything about that, what is the point of, if I may use the expression, emptying the contents of the docket or some other document, of past statements made to the State or information that it has, so that the man can say I know nothing about it. It is clear what the answer is going to be. It is merely burdening the record and I am sure that Your Lordship will not allow it to be influenced by it, but I can see no purpose in putting any more of that on record. (10)

COURT : I of course had that same objection when you cross-examined. Dit is heeltemal 'n geldige beswaar.

MNR. JACOBS : Ek stel dit net aan hom op hierdie stadium omdat as ek lateraan miskien argumenteer, kan dit nie gesê word ek het hom nie 'n geleentheid gegee om te antwoord nie.

HOF : Wel, hy sê hy ken die man nie. Dit is die end van die storie.

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit daar laat en teruggaan na die vergadering nou weer waar ons gepraat het oor die jeug en ek wil dit aan jou stel dat in die Vaal is daar by (20) verskeie geleenthede mense dood wat lede van COSAS was, waar jy op een van die begrafnisse van 'n lid van COSAS die seremoniemeester was en ek wil dit aan jou stel dat jy het goed geweet van COSAS in die Vaal? -- Ek betwis dit. Daar was geen melding gemaak by die twee begrafnisse wat ek byge- woon het, naamlik die een van Sithole en die gesamentlike begrafnis wat gehou was nie. Selfs terwyl ek daar was, het niemand ooit melding gemaak daarvan dat enige organisasie daar betrokke was met die persone wat oorlede is nie. Ek het alreeds vir die Hof gesê ek ontken dat ek enigiets (30)

weet/...

weet van die persoon wat nou laas genoem is wat aan COSAS behoort het.

En ek wil dit nou ook aan jou stel dat jy is nie heeltemal korrek en eerlik met die Hof waar jy vir die Hof sê dat daardie vergadering van die 4de, 4 September 1984, was eers by Small Farms gewees en toe verskuif na jou huis toe nie?

HOF : By die Rooms Katolieke Kerk te Small Farms?

MNR. JACOBS : Kerk te Small Farms en toe daarvanaf verskuif het na jou huis toe nie? -- Dit is heeltemal reg. Geen (10) vergadering was gehou by die Roomse Kerk hierdie betrokke dag nie, maar wat gebeur het is dat na aanleiding van die inligting wat ek van Esau af bekom het dat daar 'n vergadering gehou gaan word by die Roomse Kerk Small Farms is ek self soontoe. Met my aankoms daar het die mense gekla dat hulle honger is, as gevolg waarvan ons toe besluit het om na my woning toe te gaan. Dus is hierdie vergadering by my woning gehou.

Kom ons gaan dit net 'n bietjie toets. Toe jy nou by die kerk aankom by Small Farms, wie het jy daar by die (20) kerk aangetref in die kerk?

HOF : Laat ons nou net die ding duidelik kry. Die getuie het nog nooit gesê dat dit in die kerk was nie. By Rooms Katolieke Kerk Small Farms is daar 'n kerkgebou en daar is 'n saal en daar is 'n ou opsigterswoning en 'n nuwe opsigterswoning en ek weet nie presies waar die mense presies was nie, maar hy het nie gesê hy was in die kerk nie.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê waar presies het jy die mense gekry toe die mense vir jou gesê het hulle is honger? -- Dit was in die binneplein van die perseel. (30)

Wie/...

Wie is die mense wat jy almal daar bymekaar gekry het toe die mense vir jou gesê het hulle is honger? -- Mense wat ek kan onthou wat ek daar gesien het, was Frank, Esau en beskuldigde nr. 10 en nog ander persone wie se name ek nou nie spesifiek kan onthou nie, maar as my geheue my nie in die steek laat nie, was beskuldigdes nrs. 7 en 9 ook by gewees.

En beskuldigde nr. 6? -- Ek is nr. 6.

Ekskuus, ek bedoel Nkopane, beskuldigde nr. 8? -- Ek sal nie weet of beskuldigde nr. 8 daar teenwoordig was of (10) nie.

Het hy nie saam met beskuldigde nr. 10 en Dorcas gery nie? -- Wat betref die teenwoordigheid van Dorcas by die Roomse Kerk, dit is die perseel daar, sal ek nie vir die Hof kan sê of hy daar was of nie, maar wat ek pertinent kan sê hier in hierdie opsig is dat by my woning was sy nie daar nie.

Maar by die kerk praat ons nou van? -- My antwoord daarop is dat ek nie in staat is om vir die Hof te sê of sy daar was of nie, want daar was verskillende mense (20) daar gewees. Ek het nie die mense almal geken nie. Dus kan ek nie sê nie.

Jy sien, beskuldigde nr. 8, Nkopane, het by hierdie hof getuig op bladsy 9 165 in volume 178 dat die eerste keer wat hy gehoor het dat daar gaan h vergadering by jou huis gehou word, die dag was toe beskuldigde nr.10 en Dorcas hom kom oplaai het en hy praat niks van dat daar h vergadering by die kerk sou gewees het nie, maar hy het daar die eerste keer gehoor van h vergadering by you huis? Kan jy kommentaar lewer daarop? Wie van julle twee is nou verkeerd? -- (30)

Dit/...

Dit is vanselfsprekend van beskuldigde nr. 8 se getuienis of hy nou getuig dat nadat hulle hom opgetel het, hulle saam met hom na die Roomse Kerk toe gegaan het of op die ou end hy by my huis was waar die vergadering gehou was.

Ek verstaan nie jou antwoord nie. Wat is vanselfsprekend? -- Daarby bedoel ek dat na hy opgetel was, as hy op 'n stadium homself op 'n stadium by die Roomse Kerk bevind het, dan beteken dit dat hy opgetel was na die Roomse Kerk toe en later by my uitgekom het, want wat my betref was die vergadering by my woning gehou. Tweedens, op watter (10) stadium hy (beskuldigde nr. 2) opgetel was deur die persone waar hulle hom meegedeel het van die vergadering by my woning, sal ek nie weet nie.

En stem jy saam met my dat hierdie was 'n dringende vergadering wat daar belê was? -- It was an emergency meeting.

En dit was spesifiek gereël sodat julle samesprekings kon hê met Frank Chikane? -- Nee, dit was nie so gereël dat ons 'n samespreking moet gaan uitvoer met mnr. Chikane nie. Dit was 'n vergadering wat betrekking gehad het op die voorvalle wat plaasgevind het in die Vaal. (20)

Jy sien, daar verskil jy weer van wat beskuldigde nr. 8, Nkopane, sê en ek gaan vir jou voorlees uit sy getuienis-in-hoof, volume 172 op bladsy 8 847. Ek sal vir jou lees. Die vraag was gestel "Yes, very well, was there any indication that the Reverend Frank Chikane was there?" Dan kom die antwoord die volgende "What happened is that Reverend Chikane was introduced to us at the meeting as vice-chairman of the UDF. I am sorry, as the vice-president and he had come there to see and find out exactly what happened. What happened is this. This day of the meeting the following people had (30) visited/...

visited Reverend Frank Chikane, namely Esau Raditsela, Edith Lethlake and the old man Matlole and as a result of their visit to Reverend Chikane they then came back with him. That is why he was at this meeting. So, that we could discuss our problems and put across to him and make him aware of our needs." Dit is op daardie vergadering in jou huis verduidelik, volgens hierdie getuienis.-- Glad nie, beslis nie in my woning nie. Daar was geen so 'n verduideliking gemaak nie.

So, is beskuldigde nr. 8 se getuienis nou heeltemal (10) verkeerd in hierdie opsig? Vertel hy leuens vir die Hof? -- Ek sal nie weet of hy enige kennis daarvan gedra het dat hierdie persone waarna hy verwys as mense wat Chikane besoek het voor die vergadering, wel so was of nie. Ek is nie in staat om kommentaar daarop te lewer nie.

Maar hy het tog hier kommentaar gelewer en gesê wat daar gerapporteer is op die vergadering, hoekom Frank Chikane daar is? -- Nee, glad nie. Dit was nie in hierdie vergadering genoem nie.

En sy getuienis gaan verder en ek gaan dit net in (20) die algemeen vir jou stel in volume 178 op bladsy 9 166, daarvanaf verder, sê hy dat op daardie vergadering het julle verslag gedoen aan Frank Chikane van wat in die Vaal gebeur het? -- Ek weet nie wat sy kennis was van die teenwoordigheid van Frank Chikane daar nie, maar wat my betref, Frank Chikane het geen deelname gehad in hierdie gesprekke wat ons daar uitgevoer het nie, behalwe na die besluite wat geneem was toe hy nou versoek was aangaande die druk van die pamflet wat na verwys word.

En ek wil dit aan jou stel dat beskuldigde nr. 3 se (30)

getuienis/...

getuienis word gestaaf deur die pamflet van julle, AN15(vii) want daarin kom dan voor die hulp wat hy kom reël het wat daar in die Vaal moet voorkom, "doctors can be consulted at Roman Catholic Church Small Farms, lawyers can be consulted at UDF, 42 De Villiers Street, Khotso House, Johannesburg." Dit is in lyn met sy getuienis en bots direk met jou getuienis? -- Daar was geen so 'n besluit geneem na wat bespreek was aangaande die twee wat nou genoem word deur die Staat aan my wat in hierdie pamflet bevat word nie. Die pamflet was net bedoel vir een rede dat dit 'n vergadering moet (10) bekendmaak en by die vergadering sou daar vrede bespreek word met die gemeenskap wat daar teenwoordig is. Dit is eers na dit uitgekom het dat Lord McCamel in staat was of alreeds 'n bedrag toegeken is om hulp te verleen, dat daar omtrent hulp 'n gesprek uitgevoer was.

Wat nog meer is, jy is die eerste man wat nou vir die Hof kom vertel wat met hierdie pamflet te doen gehad het, AN15(vii), dat hierdie eerste deel is verkeerd nou. Die ander het dit nie gesê nie. Hulle was tevrede dat hierdie pamflet basies weergee oor wat julle op besluit het daar (20) op die vergadering? -- Die waarheid is dat daar hoegenaamd geen besprekings uitgevoer was aangaande die hulp van die dokters en die prokureurs by hierdie vergadering van die 4de nie. Dit was iets wat 'n mens in gedagte gehad het om te bespreek indien die vergadering van die 9de plaasvind.

En verder, jy het mos insae gehad in hierdie pamflet voor jy getuienis gegee het? -- Nee, nie onmiddellik net voor ek in die getuiebank ingeklim het nie. Daar was wel 'n tyd wat ek insae gehad het vroeër in daardie dokument.

Jy het geweet jy gaan oor hierdie pamflet getuienis (30)

gee/...

gee hier in die hof? -- Ja, dit is so.

En jy het seker gekyk na die pamflet by jou verteenwoordigers om te sien en dat hulle dit met jou bespreek het voor jy getuig het? -- Nee, die punt is ek erken dat ek wel insae gehad het in daardie dokument, maar ek kan my nie voorstel dat ek dit met my advokate bespreek het nie.

As jy insae gehad het en jy het geweet daarvan, dan moes jy geweet het van hierdie fout in hom? -- Kyk, alvorens ek in hegtenis geneem was, het ek insae gehad in daardie dokument. Ek was dus bewus van die fout wat daarin vervat (10) word. Met die gevolg toe dit nou hier voor die Hof gebring was, was dit nie iets nuuts vir my om daarvoor te hamer en dink waarom dit gaan nie, want ek was alreeds daarvan bewus gewees.

Ek het jou nie dit gevra nie. Het jy dit behandel met jou advokate, hierdie pamflet? Het hulle dit met jou bespreek? -- Ja, hulle het my daaromtrent gevra.

En toe was jy bewus van hierdie foute in hierdie pamflet? -- Dit het net nie in my gedagte gekom oor daardie foute wat bevat word in daardie dokument nie. Dit is (20) tydens die gesprek tussen my en my regsverteenvoerders. Die rede daarvoor was dat omdat daardie vergadering wat in daardie dokument geadverteer word, nie plaasgevind het nie, waar hierdie foute bespreek kon geword het en het dit dus nie in my gedagte gekom om nog verder daarvoor bekommerd te wees nie.

Hoekom het jy nie vir die Hof gesê van hierdie foute toe jy oor hierdie pamflet getuig het in jou getuienis-inhoof nie? -- Die rede daarvoor is dat die dokument besluite bevat wat ons geneem het aangaande hierdie pamflet en (30)

ander/...

ander mense het dit laat druk. Dus wat hulle nou daar eintlik nagesien het tydens die druk van die dokument, kan nie deur my as 'n geskilpunt beskou word van die ding wat ons bespreek het daar nie.

Wie het betaal vir hierdie pamflet? -- Wat my kennis betref het ons daar ooreengekom dat eerwaarde Chikane sal toesien dat hierdie pamflette gedruk word. Wie op die ou end betaal het daarvoor, weet ek nie.

Was dit nie gereël dat UDF dit sou betaal en druk nie?
-- Nee, ons het dit nie bespreek nie. (10)

Dan verstaan ek nie hoekom moet julle gaan om die pamflet te gaan haal by die UDF se kantore nie? -- Wie het die pamflet by UDF se kantore gaan haal?

Die mense wat die volgende dag gegaan het, toe hulle die verkeerde een kry, het na die UDF se kantore gegaan om die pamflet wat julle bestel het te gaan haal? -- Kyk, die rede hoekom 'n mens eers by UDF se kantore moet aandoen alvorens jy na Braamfontein toe gaan na die kantore van mnr. Chikane is vir die gerieflikheidsdoeleindes, dat jy hom nie daar agter los en na Braamfontein toe gaan nie, maar dat jy (20) eers daar aandoen, want hy is die vise-president van die UDF. Dus is dit nodig vir een om eers daar aan te doen.

En die vise-president van UDF het onderneem om die pamflet te verskaf. Dan is dit mos net logies dat dit is UDF wat dit verskaf? -- Ek het al vantevore aan u verduidelik dat eerwaarde Chikane baie poste beklee. Hy is die vise-president van UDF, hy is 'n predikant en ek verstaan hy neem deel aan die organisasie of die Raad van Kerke as 'n lid.

En jy het ook oor baie inligting beskik van Frank (30)

Chikane/...

Chikane. Jy het selfs sy telefoonnommer gehad? -- Ja, die telefoonnommer het ons op die 4de bekom.

Hoekom? -- Om te kan verneem of hy nou gereed is met die pamflette.

Nou hoekom? Ek wil weet hoekom, want julle het dan reëlings getref, julle het vir Edith, Esau en beskuldigde nr. 17 afgevaardig om te sorg vir die pamflette. Hoekom wil julle nou sy telefoonnommer hê om uit te vind van die pamflette? -- Kyk, die pamflette moes gedruk gewees het in Johannesburg. Esau en Edith woon nie in Johannesburg (10) nie. Met die gevolg dat dit vir ons raadsaam was om hierdie man se telefoonnommer te besit sodat ons van hom kon verneem telefonies of hy nou gereed is met hierdie pamflette.

Nee, so maklik kom jy daar verby nie. Jy het aan hierdie mense spesiaal volmag gegee wat ek jou nou genoem het, Edith, Esau en beskuldigde nr. 17, om die pamflette te kry? -- Nee, ek sal maklik daar verbykom. Ons het vir Frank versoek om toe te sien tot die produksie van die pamflette. Al wat hierdie drie afgevaardigdes moes gedoen het, was om dit te gaan haal. So, die plig was op hom geplaas dat hy na die (20) produksie moet omsien.

Maar dit is my punt. Hulle sou dit gaan haal. Hoekom het julle dan h telefoonnommer nodig? -- Nee, maar om eers te verneem voordat hulle gaan of die goed nou gereed is.

Sou hulle dan nie daardie selfde aand saam met hom teruggegaan het nie? -- Hulle het saam met hom Johannesburg toe gegaan.

Ja en hulle sou daardie selfde aand teruggegaan het en hulle het daardie selfde aand saam met hom teruggegaan? -- Dit is heeltemal reg, hulle was saam met hom Johannesburg (30)

toe/...

toe gewees, maar wat van belang was, was om te verneem of Frank in staat gaan wees en dit bevestig of hy regtig in staat was om dit te reël.

Dit is nou weer iets nuuts, maar ons los dit vir h oomblik daar. Wat het Frank onderneem, wanneer sou hy die pamflette vir julle gee of gereed hê? -- Ek kan nie onthou dat ons dit bespreek het nie en of hy vir ons gesê wanneer dit beskikbaar gaan wees nie. Die belangrikste punt is dat hulle beskikbaar moet wees voor die dag van die vergadering.

Hoe laat is Frank en die ander mense daar weg, Esau (10) en Edith en beskuldigde nr. 17? -- Dit was laat in die middag.

Toe hulle weggegaan het was die besighede ook al toe. Hulle kon nie die goed laat druk nie en hulle moes wag tot die volgende dag? -- Ek weet nie. Al wat ek kan sê is, dit was laat in die middag. Of die besighede alreeds gesluit was, of nie. Ek weet nie presies hoe laat dit was nie.

Wie moes die bewoording - wie moes toesien tot die bewoording van die pamflet? -- Ons het nie spesifiek daarvoor gepraat hoe dit moet lees nie. Al waaroor ons gepraat het was wat dit moes bevat. Byvoorbeeld bekendmaking van (20) die vergadering wat gehou gaan word in die Vaal en tweedens dat daar besprekings uitgevoer gaan word oor die vrede wat behou moet word in die Vaal. So, dit was vir die mense daar om net toe te sien dat dit in hierdie pamflet bevat word.

Nie aan Esau en Edith opgedra nie? -- Soos mense wat soontoe gegaan het, het ons net aanvaar dat hulle behulpsaam gaan wees dat daar pamflette beskikbaar word.

Hoekom het jy die volgende dag, jy en beskuldigde nr. 10, vir Frank Chikane gebel? Hoekom het julle nie by Esau gaan uitvind waar is die pamflette nie? -- Die rede hoekom (30)

ons/...

ons gebel het, of hulle nou te voorskyn gekom het, dit is Esau en die ander, was nie vir ons van belang nie. Al waarin ons belang gestel het was om te verneem van die persoon Frank of hy nou reggekome het of nie.

Jy sien, dit is vir my eienaardig. Julle ry van die woongebied af reguit in na Vereeniging om te gaan bel, terwyl Esau, Edith en beskuldigde nr. 17 daar baie naby julle was om vir julle die inligting te gee? -- Kyk, die persone het laat in die middag van die vorige dag vertrek. Met die gevolg dat ons dit nie nodig gevind het om te gaan soek na (10) die persone wat laat middag weggetrek het nie. Ons het toe besluit om telefonies te gaan verneem wat daar uitgevoer was.

So, lei ek dan reg af dat julle het glad nie gaan soek na hierdie persone wat laat middag die vorige dag vertrek het nie? -- Nee, u afleiding is nie reg nie.

Het julle dan gaan soek na hulle? -- Esau en die ander persone is mense wat in Sebokeng woonagtig is en die mense is die laat middag weg. Dus mense wat in Sebokeng gewoon het, kon iets anders gedoen het waarvan ek nie bewus is (20) nie, maar wat ons verwag het was dat die mense met die pamflette sal terugkom en dus het ons gaan verneem oor die pamflette.

Ons kan aangaan met hierdie saak as jy my vrae antwoord. Ek het jou n eenvoudige vraag gevra wat jy met n blote ja of n nee kon geantwoord het. My vraag was baie eenvoudig gewees, het julle na hierdie drie mense gaan soek, ja of nee?

Volgens u is dit n eenvoudige vraag. U is reg, maar die standighede waar ek nou staan en hierdie vraag moet ant-
word is nie so maklik soos u dit nou stel nie. Ek staan (30)

hier/...

hier en ek moet nou antwoord gee en ek gee u die antwoord soos volg, dat ons het verwag dat Esau en die ander die pamflette sou bring en terselfdertyd het ons besluit om telefonies te verneem van die persoon of hy in staat was om dit gereed te kry.

Hoekom wil jy nie die vraag antwoord nie? Is daar enige rede hoekom jy nie vir my die vraag wil antwoord nie? -- Eksel self het nie gaan soek na Esau, Edith of almal van hulle nie, dit wil sê op die 5de.

Jy en beskuldigde nr. 10 het nie gaan soek nie? -- Nee, (10) ek sê ek.

HOF : Wat van beskuldigde nr. 10? -- Ek weet nie wat beskuldigde nr. 10 betref nie, maar ek en hy het saam gegaan en hy het nooit vir my op h stadium gesê dat hy na Esau gaan soek het nie.

MNR. JACOBS : En is dit reg, op daardie stadium het Esau, beskuldigde nr. 17 en Edith nie verdwyn nie? -- Ek weet nie wat wil u sê oor die verdwyning van h mens nie, want dit kan gebeur met enige ander persoon dat jy nie die persoon sien vir h week of h paar dae of twee weke nie. (20)

Jy hoef nie te weet wat ek wil hê nie, jy kan my net antwoord. Die feit is op daardie stadium het hulle nie verdwyn nie? -- Hulle het verdwyn, want ek het hulle nie hierdie dag gesien nie.

HOF : Weet u wat bedoel word met verdwyn? -- h Persoon wat nie in sig is nie, het verdwyn.

Met ander woorde, as ons oor die naweek verdaag, dan het adv. Bizos verdwyn? -- Yes, at least from my sight. Hy het verdwyn.

Gebruik h ander terme.

(30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Wat het Frank Chikane vir jou gesê toe julle hom bel? -- Hy het gesê die pamflette is nog nie gereed nie, maar hy sal toesien dat dit gereed is voor die vergadering.

En nog? -- Dit is wat ons van hom wou geweet het.

Het hy gesê julle moet hom kom sien? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Het hy nie gesê julle moet nou daarnatoe kom nie? -- Dit kan wees dat hy so gesê het, want ons het hom toe die volgende dag gesien.

Nee, ek vra nie of dit so kan wees nie, of dit so is, (10) want ek wil weet hoekom het julle dan daar na hom toe gegaan? Hy sou mos vir julle sê wanneer die goed gereed is? -- Ek kan nie meer so goed onthou of hy miskien terwyl ons hom daar geskakel het gesê het dat ons hom moet kom sien nie.

So, daar is geen rede hoekom julle gegaan het na die kantoor om die pamflette te gaan haal nie, want (sin word nie voltooi nie)? -- Nee, daar was 'n rede gewees, want ons wou die pamflette gehad het eintlik. Ons het verskeie kere soontoe gegaan. Dit was dringend dat ons dit moet bekom.

Wanneer het jy toe vir Esau weer gesien? -- As ek reg (20) onthou het ek hom in dieselfde week gesien op die 7de.

So, julle is almal weer die 7de na UDF se kantore toe? -- Ons was by Frank se kantoor gewees te Braamfontein waar hy werk vir hierdie organisasie van die kerke.

En is dit waar jy die hele klomp gekry het waaronder Esau en beskuldigde nr. 17 was? -- Ja, ek het hulle daar aangetref.

En Mathison Morobe, was hy ook daar? -- Nee, met my aankoms daar kan ek my nie voorstel dat Mathie daar teenwoordig was nie.

(30)

Het/...

Het julle nie lateraan daarvanaf gery, jy saam met Esau, saam met beskuldigde nr. 17, saam met Mathison Morobe na UDF se kantore nie? -- Ja, dit is so.

So, dan was hy mos daar? -- Hy kon miskien later daar opgedaag het, maar ek kan my nie voorstel dat toe ek daar aangekom het, hy alreeds daar was nie.

Wie is nog saam met jou toe julle soontoe gery het, behalwe Mathison, behalwe beskuldigde nr. 17 en behalwe Esau? -- Saam met Mathison, waarheen nou?

Toe jy sê dat julle gery het na UDF se kantoor toe?(10)
-- As ek reg onthou was ek alleen op die 7de.

En daar by die kantore van UDF toe moes jy in die kar wag? Is dit reg? -- Nee, praat u van die stadium toe ons nou van Braamfontein af gekom het?

Moenie nou vir jou probeer dom hou nie. Jy het nou net vir die Hof gesê van Frank se kantoor af het julle gery saam met Mathison Morobe, saam met beskuldigde nr. 17, saam met Esau en toe het ek vir jou gevra maar dan was Mathison by, toe sê jy hy kon later gekom het by Frank se kantoor, julle het saam gery na UDF kantore toe. Dit help nie om nou (20) met ander stories te kom nie. Ek vra vir jou 'n eenvoudige vraag. By UDF se kantore moes jy buite in die kantoor wag? -- Ja, kyk, ek het die vraag verwar. Ek was onder die indruk gewees dat u my nog vra saam met wie is ek soontoe. Dit wil sê na Frank Chikane se kantoor toe in Braamfontein, maar as die vraag nou gemik is op die stadium wat ek na UDF se kantore toe gegaan het, is dit korrek dat ek in die geselskap was van die volgende persone, Mathison, beskuldige nr. 17, Esau en Lord.

Lord McCamel? -- Ja.

(30)

En/...

En is dit reg dat jy moes daar in die kar wag? Jy en Lord? -- Ons agtergebly het by die voertuig?

Ja, terwyl Mathison en Esau en beskuldigde nr. 17 in die kantore in is? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Het Esau en beskuldigde nr. 17 weer saam met julle daar weggegaan? -- Ek en Lord het te Braamfontein afgeklim en Esau, Mathison en beskuldigde nr. 17 het voortgegaan. Verskoon my, ek het n fout begaan. Wat ek bedoel is, in die nabyheid van Khotso House het ek en Lord uit die voertuig geklim. Die drie, naamlik Esau, Mathison en beskuldigde (10) nr. 17 het voortgegaan.

In UDF se kantore in? -- Nee, nie na die kantore toe nie.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Het u uit die voertuig geklim en hulle het weggeery met die voertuig? -- Ja, hulle het weggeery met die voertuig.

MRS. JACOBS : En dit is die laaste wat jy vir Esau gesien het en vir n lang tyd vir beskuldigde nr. 17? -- Dit is so.

Daarna het Mathison weer toe uitgekom en het julle by hom aangesluit? -- Ja. (20)

HOF : Ek begryp nie die prentjie nie. Julle twee klim uit die voertuig uit en die voertuig ry weg met die ander drie. Is dit korrek? -- Ja.

En u het Esau en beskuldigde nr. 17 nie weer gesien nie? -- Dit is reg.

Nou word aan u gesê Mathison het daarna uitgekom en u sê ja? -- Ja.

Waaruit het Mathison dan gekom? -- Nee, ek het verstaan dat hy het bedoel Mathison het teruggekom.

Teruggekom? Met die voertuig? -- Ja, met die (30)

voertuig/...

voertuig.

MNR. JACOBS : Het julle vir hom daar gewag? Het hy julle daar kom optel? -- Kyk, die rede is dat Lord by Khotso House wou aangedoen het. Om daardie rede het ek saam met Lord daar uit die voertuig geklim.

Maar het julle nou nie uitgeklim voor julle by Khotso House gekom het nie? -- Dit was in die omgewing van Khotso House. In that area, the vicinity.

En is dit nie so dat Mathison en beskuldigde nr. 17 en Esau is na Khotso House toe nie? -- Hulle het nie in daardie(10) rigting gery nie, want waar ons afgeklim het was in die straat van Khotso House.

En toe Mathison terugkom, het julle vir hom gevra waar is Esau en beskuldige nr. 17 nou? -- Nee, ons het nie. Die rede hoekom ons dit nie gedoen het nie, is omdat toe hulle ons daar afgelaai het, het Mathison aan ons 'n boodskap gelaat en gesê "Ek en hierdie persone (verwysende na die twee) gaan nog weg. Ek sal julle hier kom kry." Bedoelende by die plek waar ons was. So, met sy terugkoms het ons nie verder van hom verneem nie. (20)

Toe hy sê hulle gaan nou weg, het hy gesê waarheen gaan hulle weg? -- Waarheen het hy nie gesê nie. Hy het net gesê dat hy en hierdie persone, verwysende na die twee, gaan nog weg.

En sedert daardie dag het jy nooit weer vir Esau gesien nie, tot vandag toe nie, is hy landuit? -- Dit is so.

Ek wil net een ding aan jou stel dat op daardie begrafnis wat jy vertel het hier vir die Hof van hoe dat die polisie, dit is die begrafnis van 23 September, as ek jou getuienis reg verstaan het, het jy hier vir die Hof vertel(30)

dat/...

dat daardie hele insident met die polisie het plaasgevind op die kerkhof se persele. Is dit reg?

HOF : Plaas my asseblief net weer in die prentjie, mnr. Jacobs. U praat nou van watter begrafnis?

MNR. JACOBS : Van 23 September 1984.

HOF : Watter insident?

MNR. JACOBS : Toe die een polisieman gesê het "Slaan die Kaffers, slaan die Kaffers"? -- Wat daarvan?

Ek vra, het daardie hele insident - volgens ek jou getuienis verstaan het en sê my is ek reg as ek so verstaan(10) het, soos jy dit hier beskryf het, het die hele insident plaasgevind op die perseel van die kerkhof? -- Nee, die mense het in verskillende rigtings weggehardloop, oor die heinings gesprong en in ander persele ingevlug.

Want ek wil dit net vir jou in die algemeen stel, volgens jou getuienis wat jy hier gegee het, dat die polisie daar in die kerkhof die mense vasgekeer het voordat hulle eintlik by die busse kon kom is nie korrek nie, selfs nie eers volgens die video wat julle hier ingehandig het namens die verdediging nie. Hierdie voorvalle met die polisie het glad nie by die(20) kerkhof plaasgevind nie, maar in die straat? -- Die punt is dat hierdie video wat hier vertoon was, die videoband, is nie 'n vertoning van die voorval waarvan ek praat by hierdie begrafnis nie. Ek praat van 'n voorval wat plaasgevind het op die kerkhof se perseel waar die mense geslaan was. Tweedens, dit is nie die een begrafnis wat ek van praat nie. Eintlik is dit twee verskillende begrafnisse wat plaasgevind het daar.

HOF : Ja, maar nou moet ek duidelikheid hê. Daardie voorval waar die een polisieman dit gesê het en die mense(30)

uitmekaar'...

uitmekaar geslaan is, by watter begrafnis het dit plaasgevind? -- Die begrafnis van 23 September 1984 is die begrafnis waarvan ek praat waar die polisieman gesê het "Slaan die Kaffers."

MNR. JACOBS : En die ander video, op watter begrafnis is hy van toepassing? -- Ek weet nie by watter begrafnis was dit gewees nie.

